HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 33 van 2026

24 Februarie 2026

Geagte Ouer / Voog

Ons kommunikeer hiermee graag aan u die inligting vir die Interhoër wat op Dinsdag, 3 Maart 2026 by Pilditch Stadion in Pretoria plaasvind.

Reëlings vir Dinsdag, 3 Maart 2026:

1. Atlete wat aan Item 1 tot 14 deelneem, sal reeds om 05:15 vanaf die skool vertrek en moet reeds 05:00 by die skool wees. Die res van die atlete sal om 05:30 vertrek en moet teen 05:15 by die skool wees.
2. Die byeenkoms begin om 07:30 en eindig ongeveer 17:45. Alle leerders gaan as toeskouers saam en moet asseblief om 07:15 in die vierkant in voogklasverband aanmeld. Afwesigheidskontrole sal gedurende die tyd geneem word. Indien leerders met 'n geldige verskoning nie die atletiek gaan bywoon nie, sal daar toesig by die skool wees. Busse sal teen ongeveer 21:00 terug by die skool wees.
3. Vrywarings – en mediese vorms moet teen Donderdag, 26 Februarie 2026 by die betrokke voogonderwyser ingehandig word. Leerders sal nie sonder die vorms op busse toegelaat word nie.
4. Leerders word versoek om asseblief vir warm en reëntoestande voorsiening te maak. Bring asseblief die volgende saam: sonroom, genoeg water en 'n kussing om op te sit.
5. Leerders moet asseblief kos en drinkgoed vir die dag saamneem. Maak asseblief voorsiening vir kontant- sowel as kaartfasiliteite indien 'n leerder by die byeenkoms kos en drinkgoed wil koop.
6. **Drag:** Normale skooldrag met blou hemp. Dogters moet asseblief 'n blou fietsrybroekie ("skipants") onder hulle rompe dra.
7. Rooi ondersteunershoedjies is verpligtend (pet en/of laphoedjie).
8. Toegang vir volwassenes beloop **R70** per persoon.
9. Daar is voorsiening vir toeskouers op die pawiljoen en ons versoek dat u asseblief nie tussen die leerders sal sit nie.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

10. Leerders wat nie met die bus terugry nie, mag nie die stadion verlaat sonder dat hy/sy deur sy/haar ouers/voogde uitgeteken is nie. Dit moet by Juffrou Gesie Marshall of Juffrou Janné Roos op die pawiljoen gedoen word.
11. Daar sal om 14:00 'n bussie vir die Interhoër swematlete beskikbaar wees wat wil terugkom skool toe.
12. Alle reëlings rondom die dirigente sal deur Me. C de Beer aan hulle gekommunikeer word.
13. Indien dit die oggend reën, moet leerders hulle tasse saam skool toe bring. Verdere reëlings sal dan, indien nodig, getref word.

Vriendelike Randjiegroete,

F. Vosloo
Adjunk-hoof: Sport

P. Booysen
Skoolhoof